33 Soufietjie Street
Railton
Swellendam
6740
21 May 2026

Die Munisipale Bestuurder
Swellendam Munisipaliteit
Swellendam
6740

Re: verkoop/Verhuring van Barrydale Leiwater/Swellendam Karavaan Park

Hiermee wens ek, Sidney Setiera, as inwoner en gemeenskapsleier, my amptelike teenkanting uitspreek teen die Artikel 78 ondersoek na moontlike alternatiewe dienslewering ten opsigte van :

1. Barrydale Leiwater en
2. Swellendam Karavaan Park.

My redes is as volg:

Barrydale Leiwater: Al die jare word die leiwater projek deur die Munisipale MIG gefinansier, insluitende die damme se instandhouding wat alles munisipale bates is. My voorstel is dat die tariewe net moet verhoog word en geensins aan n eksterne persoon/maatskappy verhuur word nie of om dit te bestuur nie. Ek spreek dus my teenkanting uit teen die pravitisering in geheel.

Karavaan Park : Hiermee teken ek my amptelike teenkanting/afkering aan teen die privatisering van die Swellendam Karavaan Park.

My redes is as volg:

Die Swellendam Munisipaliteit het geensins toestemming gegee vir die Munisipale Bestuurder om so n advertensie te plaas nie. Die advertensie in die Suiderkruis koerant, Notice Number A9/2026 , is ook verwarrend, want ek kon geen konsep lewensvatbaarheidstudie op die webtuiste van Swellendam Munisipaliteit vind nie. En die persoon aan wie n mens amptelik navrae moes vra rondom die Swellendam Karavaan park, kon my ook nie help nie.Die vraag is eenvoudig: Op wat moes ons as Swellendam Gemeenskap kommentaar lewer?

Verder: Artikel 78 ondersoeke is n baie duur proses, want jy moet op tender uitgaan en n konsultant moes dan aangestel word om die ondersoek amptelik te doien. Daar moes dus vooraf begroot gewees het. Daar was geen Raadsbesluit in 2026 wat die Munisipale Bestuurder toestemming gegee het om n Artikel 78 Ondersoek namens die Raad te doen nie.

verder wil ek die Swellendam Munisipaliteit daarop wys dat daar oor die jare genoeg fondse was om die Karavaan Park op te gradeer. Daar was n Toerisme Grant/toekenning van R1,5 miljoen wat jaarliks begroot was en daardie geld was gegee om Bed and Breakfasts en Gastehuis eienaars om hulle privaat besighede oorsee en in Suid Afrika te bemark.

Ek is dus ten sterkste gekant teen die verhuring of verkoop van die SwellendamMunisipaliteit se hantering van beide sake.

Groete.

..............................

Sidney Setiera